

Suffolk Genetiese Analise

SA Stamboek

04 November 2024

MEV. P. PRISCILLA DU PLOOY

PLAAS BOLDWIN

BULTFONTEIN

9670



Kudde-kenmerk: 380



CERTIFICATE
OF QUALITY
Valid up to
1 April 2024

Hierdie **Genetiese Verslag** van u kudde stel u in staat om die genetiese meriete en potensiaal van die diere in u kudde te bepaal. Diere se prestasie word beïnvloed deur twee faktore, naamlik die omgewing (bestuur) en genetika. Goeie voeding en bestuur sal diere se prestasie verbeter, maar 'n dier kan nie beter presteer as wat sy genetiese vermoë hom toelaat nie. Goeie prestasie as gevolg van die omgewing word ook nie oorgeërf na die volgende generasie nie. Dit is dus van kardinale belang om nie genetiese verbetering af te skeep nie. As gevolg van die interaksie tussen die omgewing en genetika is dit egter moeilik om te weet watter diere geneties meerderwaardig is. Gevolglik word teelwaardes (EBV = *Estimated Breeding Values*) beraam vir elke dier wat die genetiese vermoë van die dier aandui, asook die dier se waarde as ouer van die volgende generasie. Hiermee kan diere regverdig met mekaar vergelyk word **binne die ras**, selfs oor kuddes, jare en produksie stelsels. Resultate van hierdie verslag stel die teler in staat om die onderliggende genetika van die diere te identifiseer en te vergelyk.

Genetiese parameters

Genetiese parameters (oorerfbaarheid en korrelasies) word bereken op 'n rasbasis en word benodig vir die beraming van teelwaardes. Die **oorerfbaarheid** verwys na die gedeelte van die variasie van 'n eienskap in die ras wat deur oordraagbare genetika verklaar word. Die res van die variasie van 'n eienskap is as gevolg van omgewingseffekte en nie-oordraagbare genetika. Sommige eienskappe is geneties gekoppel aan mekaar wat beteken dat 'n verandering in een eienskap sal lei tot 'n verandering in 'n ander eienskap. Hierdie verhouding tussen eienskappe is **genetiese korrelasies** en kan voor- of nadelig wees.

Teelwaardes

Die beraming van teelwaardes (EBV) maak gebruik van prestasie-metings van die dier en alle verwantes, stamboom-inligting en genetiese parameters. Die diere se metings relatief tot die gemiddeld van die kontemporêre groep word gebruik. 'n **Kontemporêre groep** is 'n groep diere wat blootgestel was aan dieselfde fisiese en biologiese omstandighede, insluitend kudde, jaar, geslag en ouderdom. Nadat al hierdie faktore in ag geneem is, kan verskille tussen diere toegeskryf word aan 'n verskil in hul genetiese vermoë. Dit is die beginsel waarop genetiese analyses berus.

Die EBV waarmee 'n dier gebore word, is gelyk aan die gemiddelde EBV van sy ouers, aangesien 'n dier die helfde van elke ouer se gene ontvang. Hierdie mid-ouerwaarde maak die aanname dat presies dieselfde helfde van die ouers se prestasie oorgedra word aan elke nageslag. In realiteit ontvang alle nageslag egter selde dieselfde helfde vanaf die ouers en is die mid-ouer waarde se akkuraatheid dus laag. Dit gee egter wel 'n aanduiding

van die gemiddelde genetiese vlak van die jong diertjie op grond van sy ouerinligting. Soos meer inligting beskikbaar word oor 'n dier (metings en metings vanaf nageslag en ander verwantes), word sy werklike genetiese vermoë al hoe meer akkuraat beraam. Beraamde teelwaardes verander dus oor tyd soos meer inligting beskikbaar word.

EBVs van diere word gepubliseer saam met 'n **akkuraatheid (%)**, wat aandui hoeveel inligting beskikbaar was vir die beraming van die EBV en hoeveel vertroue 'n teler dus daaraan kan heg. Faktore wat 'n rol speel by die akkuraatheid van 'n EBV, is die oorerfbaarheid van die eienskap, die aantal verwantes wat gemeet is, die grootte van die kontemporêre groep wat betrokke is, die akkuraatheid van meting en die volledigheid van stamboominligting. Wanneer 'n akkuraatheid van 85% en meer bereik word, behoort die EBV nie meer betekenisvol te verander soos meer inligting in opvolgende genetiese ontledings ingesluit word nie.

Interpretasie van teelwaardes

EBVs word rondom 'n **basisjaar** (5 jaar terug) uitgedruk, wat beteken dat die gemiddelde dier gebore in die basisjaar se EBV gelykgestel word aan nul en alle ander diere in die ontleding se teelwaardes word dan relatief tot die gemiddelde dier uitgedruk. 'n Dier met 'n EBV van +1kg vir speengewig se genetiese potensiaal is dus 1kg hoër as die gemiddeld van die basisjaar. EBVs dui verder die genetiese potensiaal van diere **relatief tot mekaar** aan. Die werklike prestasie van 'n dier kan nie vanaf die EBV uitgewerk word nie, maar dit stel wel 'n teler in staat om te weet watter diere geneties 'n sterker bydrae tot die volgende generasie sal lewer. Die teelwaardes alleen is nie altyd maklik interpreteerbaar nie. Daarom word teelwaardes ook uitgedruk as teelwaarde-indekse. Die gemiddelde teelwaarde van die **aktiewe populasie** word gelyk gestel aan 100 en 'n standaardafwyking van 12 word gebruik. 'n Teelwaarde Indeks van 76 is dus 2 standaardafwykingseenhede onder die gemiddeld, terwyl 112 een standaardafwyking bokant die gemiddeld van die aktiewe diere van die populasie is. Let wel dat negatiewe teelwaardes egter gunstig is vir Interlam-Periode (ILP) en Ouderdom Eerste Lam (OEL) : korter ILP en jonger OEL EBVs dui op beter vrugbaarheid. Alle teelwaarde-indekse word egter uitgedruk op dieselfde manier, naamlik dat indekse bokant 100 gewens is, om sodoende maklik meerderwaardige diere vir alle eienskappe vinnig te kan identifiseer.

Die data gebruik in hierdie evaluasie is verkry vanaf LOGIX, soos deur telers verskaf. Alle pagings is aangewend om die inligting korrek aan te bied. SA Stamboek aanvaar geen verantwoordelikheid vir die gebruik en vertolking van inligting verskaf oor diere in hierdie publikasie nie.

Seleksie-Indekse


Dit is maklik om te selekteer op slegs een eienskap, maar in realiteit is dit nie die beste benadering nie. Seleksie vir een eienskap kan lei tot die verswakking van prestasie in 'n ander eienskap as gevolg van genetiese korrelasies. Verskillende eienskappe is belangrik, met sommige belangriker as ander. 'n Seleksie-indeks kombineer verskillende eienskappe en maak gebruik van ekonomiese gewigte om die verskil in belangrikheid in ag te neem. Eienskappe kan nie net bymekaar getel word nie aangesien dit in verskillende eenhede uitgedruk word, verskillende variasies toon en omdat negatiewe waardes soms voordelig is. Hierdie faktore word in ag geneem met die samestelling van 'n seleksie-indeks. 'n Algehele seleksie-indeks sluit al die ekonomies belangrike eienskappe in, terwyl ander indekse net op sekere eienskappe fokus om spesifieke teeldoelwitte aan te spreek. Die seleksie-indeks word op dieselfde basis uitgedruk as die teelwaarde-indeks, met ander woorde uitgedruk rondom 100, waar 100 die gemiddeld van die aktiewe populasie is, met 12 as standaardafwyking. 'n Indeks van 124 is dus 2 standaardafwykings bokant die aktiewe gemiddeld van die populasie, terwyl 'n indeks van 88 een standaardafwyking onder die gemiddeld van die aktiewe populasie is.

Die verskillende seleksie-indeks, hul doel en die bydrae van die verskillende eienskappe tot die indekse word hieronder bespreek.

Logix Meriete Indeks (LMI)


Hierdie indeks omvat al die eienskappe om te selekteer vir 'n gebalanseerde, winsgewende dier wat vrugbaar is en steeds goed produseer sonder om uitsonderlike groot volwasse-gewigte te bereik. Baie groot diere benodig meer voer vir hulle onderhoudsbehoefes. Dit is dus duurder om hulle te onderhou en hulle is meer geneig om swaar te kry in moeilike tye, soos droogtes. 'n

Penalisasie word dus geplaas op die teelwaarde van Na-Speen Gewig (aangedui met 'n negatiewe waarde in Tabel 1). Die LMI kan gebruik word om diere te selekteer met die genetiese potensiaal om swaarder te weeg by speen (beide as gevolg van die dier se eie potensiaal om te groei en moeders wat genoeg melk produseer), te lam op 'n jonger ouderdom, gereeld te lam, meerlinge te gee en minder kos nodig het vir onderhoud. Die LMI is veral belangrik vir volhoubaarheid van die kudde, dus om goeie vervangingsdiere mee te selekteer.



Groei Indeks (GI)


Hierdie indeks omvat die periode tot en met speen en is veral belangrik vir boere wat speenlammers verkoop. Sterk klem word gelê op direkte teelwaardes, maar maternale teelwaardes word ook ingesluit sodat dogters geteel sal word wat die vermoë het om hulle lammers goed groot te maak en hulle sodoende toelaat om hul eie genetiese potensiaal te kan bereik.



Reproduksie Indeks (RI)

Hierdie indeks sluit teelwaardes vir Direkte en Maternale Speengewig in aangesien 'n kombinasie van Speengewig en Aantal Lammers Gespeen die Totale Massa Gespeen (TWW) beïnvloed, wat die algehele produktiwiteit van ooie bepaal. Meer klem word geplaas op Maternale as Direkte Speengewigte in die indeks. Ouderdom Eerste Lam en Inter-Lam Periode word ingesluit om te selekteer vir ooie wat vroeër en meer gereeld lam.

Hierdie seleksie-indeks is veral belangrik vir die ontwikkeling van 'n moederlyn.



Dit is baie belangrik om altyd ook na die eienskappe wat bydrae tot 'n indeks individueel te gaan kyk wanneer diere op grond van indekse geselekteer word. Dit gebeur soms dat 'n dier 'n goeie indeks ontvang omdat die dier besonderse goeie meriete vir 'n spesifieke eienskap het, terwyl van die ander eienskappe in die indeks moontlik op onaanvaarbare vlakke vir die spesieke kudde se teelbeleid is en totaal oorskadu word deur die uitstekende meriete van die spesieke eienskap. 'n Goeie werkswyse is om diere te rangskik op grond van die seleksie-indeks van belang en dan diere uit te kiel wat nie aan die teelbeleid voldoen ten opsigte van die individuele eienskappe nie. Gebruik al die inligting wat beskikbaar is.

Genetiese Gemiddeldes van Diere

Eienskap	Kudde			Ras		
	Alle	Ramme	Ooie	Alle	Ramme	Ooie
Voorspeen Direk	-0.34	-0.34	-0.34	0.00	0.04	-0.02
Voorspeen Maternaal	0.49	0.41	0.54	0.17	0.18	0.17
Voorspeen Kombinasie	0.32	0.24	0.37	0.17	0.20	0.16
Speengewig Direk	-0.20	-0.14	-0.24	0.22	0.29	0.19
Speengewig Maternaal	0.52	0.46	0.57	0.20	0.21	0.19
Speengewig Komb	0.43	0.39	0.45	0.31	0.35	0.28
Naspeen Gewig	-0.34	0.04	-0.62	-0.05	-0.02	-0.06
Lammers Gespeen	-1.88	-1.66	-2.03	-0.18	-0.44	-0.06
Totale Gewig Gespeen	-0.80	-0.68	-0.89	0.31	0.24	0.34
Ouderdom 1ste Lam	-3.05	-3.14	-2.98	-0.80	-1.51	-0.46
Inter-lam Periode	0.51	0.67	0.40	0.74	0.38	0.91
Seleksie Indekse						
Logix Meriete Indeks	96	95	96	100	101	100
Voorspeen Groei Indeks	100	99	100	100	101	100
Reproduksie Indeks	99	99	99	100	100	100
Inteling						
Inteling (%)	14.90	17.74	12.87	12.75	13.78	12.29
Aantal Diere						
Aantal diere	24	10	14	6332	1984	4342

** Gemiddeldes van alle aktiewe diere in die kudde.

Teelwaarde Indekse


Eienskap	Kudde **		
	Alle	Ramme	Ooie
Voorspeen Direk	95.3	95.4	95.3
Voorspeen Maternaal	106.7	104.9	107.9
Voorspeen Kombinasie	102.8	101.3	103.9
Speengewig Direk	96.3	97.0	95.9
Speengewig Maternaal	106.6	105.2	107.7
Speengewig Kombinasie	102.0	101.5	102.4
Na-Speen Gewig	98.8	101.6	96.8
Lammers Gespeen	92.4	93.3	91.8
Totale Gewig Gespeen	93.3	94.1	92.8
Ouderdom 1ste Lam	105.8	106.0	105.6
Inter-lam Periode	100.8	100.4	101.1
Seleksie Indekse			
Logix Meriete Indeks	95.6	95.4	95.8
Voorspeen Groei Indeks	99.7	99.3	100.1
Reproduksie Indeks	99.1	98.8	99.3
Inteling			
Inteling (%)	14.90	17.74	12.87
Aantal Diere			
Aantal diere	24	10	14

** Gemiddeldes van alle aktiewe diere in die kudde.

Inteling

- Inteling veroorsaak hoofsaaklik verlaagde vrugbaarheid en lammers wat moeiliker oorleef.
- Die effek van inteling kan reeds by sommige diere waargeneem word by vlakke so laag as 6.25%.
- Daar word dus sterk aanbeveel dat stamboom inligting so korrek en volledig as moontlik gehou word, en dat 'n telingsprogram gebruik word om onverwante ramme uit te soek.
- Ontbrekende of foutiewe stamboom inligting moet aangemeld word by SA Stamboek.
- Inteling is afhanklik van stamboominligting. 'n Algoritme word gebruik vir die berekening van inteling, wat 'n gemiddelde intelingskoëffisiënt toeken aan onbekende ouers, op grond van die generasie waaruit hulle kom. Diere met onbekende ouers het dus ook intelingskoëffisiënte, wat 'n meer akkurate weerspieëling van die inteling van u kudde en ras is.

Tempo van Inteling



Vlak en Tempo van Inteling

Jaar of Birth	Vlak* (%)	Tempo (% / jaar)
2021 - 2023	18.98	3.35
Aanbeveling :	< 6.25	< 0.1 - 0.2

*Van die laaste Geboortejaar

Stamboom Inligting


	Aantal	%
Bekende vaders	24	100
Bekende moeders	24	100

Let wel: Indien stamboom inligting onvolledig is, word inteling onderskat.

Genetiese Vensters

Alle diere in die kudde

Aantal: 24




VSd:	Voorspeen Direk
VSm:	Voorspeen Maternaal
VSk:	Voorspeen Kombinasie
SPd:	Speengewig Direk
SPm:	Speengewig Maternaal
SPc:	Speengewig Kombinasie
NS:	Naspeengewig
L-spn:	Aantal Lammers Gespeen
TWW:	Totale Massa Gespeen (Total Weight Weaned)
OEL:	Ouderdom by Eerste Lamming
ILP:	Inter-lam Periode
GI:	Groei Indeks
RI:	Reproduksie Indeks
LMI:	Logix Meriete Indeks

Die genetiese vensters verskaf 'n vinnige oorsig van die genetiese status van die kudde in vergelyking met die ras. Die waardes wat hier aangebied word, is die gemiddelde teelwaarde-indekse en seleksie-indekse van al die aktiewe diere in die kudde, van die vaders en moeders van die aktiewe diere van die kudde, sowel as van die ooie en ramme wat jonger as 2 jaar oud is. 'n Indeks van 100 is gelyk aan die gemiddeld van die aktiewe gemete diere van die ras. As gevolg van die hoër seleksie-intensiteit van ramme (seleksie is strenger aangesien minder diere geselekteer word om mee te teel), is die verwagting dat die gemiddeldes van die vaders in die kudde beter is as dié van die ooie. Streef altyd om ramme te selekteer wat die kudde sal verbeter. Onthou dat die teelwaarde-indeks vir OEL en ILP so uitgedruk word dat 'n indeks bo 100 steeds beter diere aandui, dus diere met 'n laer teelwaarde vir hierdie eienskappe.

Genetiese Vensters


Moeders

Aantal: 20




Vaders

Aantal: 10




Jong Ooie

Aantal: 14




Jong Ramme

Aantal: 10



Genetiese Tendense

Genetiese tendense word gebaseer op gemete diere wat self deur die betrokke teler geteel is.



Genetiese Tendense

Genetiese tendense word gebaseer op gemete diere wat self deur die betrokke teler geteel is.

Ouderdom Eerste Lamming




Inter-lam Periode




Vir OEL en ILP is kudde
genetiese tendense onder
ras gemiddeldes gewens.


Groei Indeks (GI)



Reproduksie Indeks (RI)



Logix Meriete Indeks (LMI)



Genetiese Tendense van Ras

Geb. ir	Voorspeen Gewig EBV				Speengewig EBV				Naspeen		Lammers Gespeen		TWW		OEL		ILP	
	Aantal	Dir	Mat	Komb	Aantal	Dir	Mat	Komb	Aantal	EBV	Aantal	EBV	Aantal	EBV	Aantal	EBV	Aantal	EBV
2012	446	-0.39	-0.14	-0.33	447	-0.27	-0.16	-0.30	76	-1.05	219	1.10	447	100	170	1.64	137	0.59
2013	229	-0.01	-0.48	-0.48	235	-0.21	-0.52	-0.62	110	-1.55	239	0.27	235	94	231	0.13	149	-0.85
2014	466	-0.33	-0.07	-0.23	468	-0.21	-0.10	-0.20	119	-0.66	179	0.55	468	98	184	1.64	143	-0.76
2015	594	-0.29	-0.15	-0.29	619	-0.18	-0.20	-0.29	126	-1.40	276	1.01	619	100	259	1.33	207	-0.16
2016	713	-0.31	-0.02	-0.17	722	-0.30	-0.05	-0.20	117	-1.23	284	1.12	722	101	232	1.18	185	1.45
2017	819	-0.16	0.03	-0.05	827	-0.29	0.01	-0.14	206	-0.43	410	0.30	827	99	350	1.77	276	1.63
2018	1015	-0.27	0.11	-0.02	1158	-0.28	0.04	-0.10	396	-0.61	447	0.41	1158	97	371	0.35	278	0.18
2019	918	0.00	0.00	0.00	1197	0.00	0.00	0.00	211	0.00	396	0.01	1197	99	388	0.00	278	0.00
2020	1075	-0.11	0.08	0.03	1160	0.07	0.09	0.13	420	0.15	388	-0.17	1160	99	415	-0.13	294	0.82
2021	1346	-0.13	0.15	0.08	1556	-0.05	0.14	0.12	595	-0.07	372	0.52	1556	100	484	-0.18	277	1.00
2022	1671	-0.02	0.10	0.09	1913	0.15	0.11	0.18	834	-0.20	322	-0.41	1913	99	463	-1.52	123	-0.12
2023	1593	-0.10	0.16	0.11	1912	0.09	0.19	0.23	628	0.16	1	4.80	1912	100	95	-1.17		

Genetiese Tendense van Kudde

Geb. ir	Voorspeense Gewig EBV				Speengewig EBV				Naspeen		Lammers Gespeen		TWW		OEL		ILP	
	Aantal	Dir	Mat	Komb	Aantal	Dir	Mat	Komb	Aantal	EBV	Aantal	EBV	Aantal	EBV	Aantal	EBV	Aantal	EBV
2023					10	-0.02	0.61	0.60					10	97				

Teelwaarde en Seleksie Indeks Verspreiding

In die onderstaande tabelle word die rangering van die diere se EBVs en Seleksie Indekse in persentiele aangedui.

Byvoorbeeld, as 'n dier se EBV tussen die maksimum waarde en 99% persentiel val vir 'n spesifieke eienskap, beteken dit dat hierdie dier in die top 1% van die aktiewe populasie val, of hierdie dier se genetiese meriete vir die spesifieke eienskap is beter as 99% van die aktiewe diere van die populasie.

Indien die EBV vir 'n spesifieke eienskap tussen 5% en 10% is, beteken dit dat die dier in die onderste 10% van die ras vir die spesifieke eienskap val, of die dier se genetiese meriete vir die eienskap is slegter as 90% van die diere in die aktiewe populasie.

Let op dat die persentiele vir Ouderdom Eerste Lamming en Interlam Periode op die omgekeerde skaal werk.

Alle Aktiewe Diere

Eienskap	Gem	SA*	Min	Persentiele (%)																Max
				1	5	10	20	25	30	40	50	60	70	75	80	90	95	99		
Voor-speen Gewig Direk	0.00	0.67	-2.56	-1.58	-1.08	-0.82	-0.54	-0.43	-0.34	-0.19	-0.03	0.12	0.30	0.40	0.53	0.85	1.14	1.76	2.95	
Voor-speen Gewig Maternaal	0.17	0.47	-1.76	-1.00	-0.63	-0.45	-0.23	-0.14	-0.08	0.08	0.20	0.32	0.43	0.49	0.56	0.73	0.89	1.25	2.35	
Speengewig Direk	0.22	1.00	-3.61	-2.25	-1.39	-0.98	-0.53	-0.39	-0.25	0.00	0.21	0.41	0.65	0.77	0.94	1.42	1.94	2.92	5.37	
Speengewig Maternaal	0.19	0.50	-1.78	-1.04	-0.66	-0.46	-0.22	-0.14	-0.07	0.09	0.23	0.35	0.48	0.54	0.60	0.78	0.96	1.37	2.61	
Speengewig Kombinasie	0.31	0.72	-2.79	-1.56	-0.91	-0.61	-0.26	-0.15	-0.03	0.16	0.33	0.50	0.66	0.77	0.88	1.18	1.47	2.04	3.78	
Na-Speen Gewig	-0.04	1.51	-5.97	-3.61	-2.61	-1.93	-1.20	-1.01	-0.79	-0.40	-0.04	0.31	0.70	0.91	1.14	1.81	2.37	3.83	8.02	
Aantal Lammers Gespeen	-0.18	2.63	-10.60	-6.50	-4.50	-3.40	-2.20	-1.80	-1.40	-0.80	-0.20	0.30	1.00	1.40	1.80	3.00	4.10	6.80	12.10	
Totale Massa Gespeen (TWW)	0.31	1.84	-6.24	-4.01	-2.80	-2.11	-1.17	-0.83	-0.55	-0.11	0.34	0.73	1.20	1.48	1.75	2.61	3.32	4.76	10.00	
Ouderdom Eerste Lamming	-0.80	-4.36	36.65	12.60	5.24	3.40	1.91	1.40	0.93	0.00	-0.76	-1.57	-2.50	-3.01	-3.61	-5.38	-7.22	-13.71	-32.95	
Inter-lam Periode	0.74	-4.28	22.47	11.78	7.46	5.64	3.79	3.13	2.60	1.60	0.77	-0.08	-1.00	-1.47	-2.12	-4.15	-6.18	-12.16	-25.62	
Groei Indeks	101	11	52	75	82	87	92	94	96	98	101	104	106	108	110	114	119	127	150	
Reproduksie Indeks	100	11	54	70	80	85	91	93	95	98	100	103	105	107	109	113	117	125	151	
Logix Meriete Indeks	100	11	55	75	82	86	91	93	95	98	100	103	106	107	109	114	118	127	156	

*SA : Standaardafwyking. Dit dui aan hoe ver die teelwaardes/seleksie indekse rondom die gemiddeld versprei is.

Ramme

*Inteling in rooi is hoog

EBV - Estimated Breeding Value
Beraamde Teelwaarde

Indekse bo 124
Bokant rasgemiddeld
Indekse onder 76

Akk: Akkuraatheid van die teelwaarde
Teelwaardes met 'n akkuraatheid onder 5% word nie gedruk nie

Indeks: Druk die teelwaarde uit om 100 waar 100 gestel is as die gemiddelde EBV van die aktiewe diere in die ras

Dier Inligting				Seleksie Indekse			EBV - Gewigte								EBV - Vrugbaarheid						
Dier Rek.nr	Ouers Vader Moeder			% In- teling	Logix Meriete Indeks	Groeï Indeks	Repro- duksie Indeks	Voorspeen-gewig			Speengewig			Naspeen		Lammers Gespeen	TWW	OEL	ILP	Moeder	
								Dir EBV Akk indeks	Mat EBV Akk indeks	Komb EBV Indeks	Dir EBV Akk Indeks	Mat EBV Akk Indeks	Komb EBV Indeks	EBV Akk Indeks							
Aktiewe rasgemiddeld:					100	100	100	0.00	0.17	0.17	0.22	0.20	0.31	-0.05	-0.18	0.31	-0.80	0.74			
350 21 0010 91754572	350 19 0034	19 0174	6.90	89	87	91	-0.36	-0.17	-0.35	-0.81	-0.26	-0.67	-2.31	-2.70	-2.69	-3.24	-6.44	92	1		
	350 19 0174						69 95	47 91	89	68 90	40 89	85	56 85	38 89	50 82	37 106	31 120				
380 22 0003 98029671	350 22 0156	22 0109	8.23	86	89	87	-0.35	-0.06	-0.24	-0.74	-0.11	-0.49	-0.86	-3.00	-2.66	-0.49	-2.85		1		
	350 21 0109						41 95	33 94	91	43 90	29 92	88	35 95	26 88	34 82	24 99	22 110				
380 23 0001 97918189	343 22 0198	22 0106	33.97	104	109	105	0.13	0.57	0.64	0.62	0.72	1.03	0.69	-1.30	0.56	-3.89	2.33	97	2		
	343 21 0106						41 103	30 109	110	55 105	29 111	111	38 106	24 95	38 102	28 108	21 96				
380 23 0002 97918197	343 22 0198	22 0106	33.97	105	111	106	0.20	0.56	0.66	0.75	0.72	1.10	0.80	-1.30	0.69	-3.89	2.33	97	2		
	343 21 0106						41 104	30 109	110	55 107	29 111	112	38 107	24 95	38 102	28 108	21 96				
380 23 0003 97918205	343 22 0198	22 0133	18.67	97	97	104	-0.68	0.61	0.27	-0.59	0.64	0.35	-0.15	0.10	0.11	-3.04	1.65	93	1		
	343 21 0133						42 90	30 110	102	55 92	29 109	101	39 100	24 101	38 99	27 106	20 98				
380 23 0004 97918213	343 22 0198	22 0133	18.67	91	91	101	-1.06	0.66	0.13	-1.30	0.65	0.00	-0.75	0.10	-0.59	-3.04	1.65	93	1		
	343 21 0133						42 84	30 111	99	55 84	29 110	96	39 96	24 101	38 95	27 106	20 98				
380 23 0005 97918221	343 22 0198	22 0213	18.16	100	104	104	-0.40	0.59	0.39	0.23	0.67	0.79	0.41	-0.90	0.36	-3.62	2.18	100	2		
	343 21 0213						42 94	30 109	104	55 101	29 110	108	37 104	23 97	38 100	26 107	20 96				
380 23 0007 97918247	343 22 0198	22 0145	18.31	102	111	101	0.25	0.63	0.76	0.73	0.77	1.14	0.63	-2.50	0.00	-2.45	3.20	89	2		
	343 21 0145						42 105	30 110	112	54 107	28 112	113	39 106	24 90	37 98	28 104	21 94				
380 23 0008 97918254	343 22 0198	22 0241	11.20	89	102	90	-0.38	0.34	0.15	0.40	0.39	0.59	1.51	-3.80	-1.50	-4.18	3.52	100	1		
	350 21 0241						37 95	27 103	99	51 103	26 104	105	33 112	23 84	35 89	25 109	19 93				
380 23 0009 97918262	343 22 0198	22 0159	9.34	91	93	99	-0.74	0.40	0.03	-0.69	0.42	0.07	0.44	-1.30	-1.05	-3.52	-0.83	100	1		
	350 21 0159						41 89	29 105	97	54 91	27 104	97	37 105	22 95	36 92	24 107	18 104				
Ram Kuddegemiddeld: Aantal ramme in die kudde: 10					95	99	99	-0.34	0.41	0.24	-0.14	0.46	0.39	0.04	-1.66	-0.68	-3.14	0.67			

Ooie

*Inteling in rooi is hoog

EBV - Estimated Breeding Value
Beraamde Teelwaarde

Indekse bo 124
Bokant rasgemiddeld
Indekse onder 76

Akk: Akkuraatheid van die teelwaarde
Teelwaardes met 'n akkuraatheid onder 5% word nie gedruk

Indeks: Druk die teelwaarde uit om 100 waar 100 gestel is as die
gemiddelde EBV van die aktiewe diere in die ras

Dier Inligting							Seleksie Indekse			EBV - Gewigte								EBV - Vrugbaarheid							
Dier Rek.nr			Ouers Vader Moeder			% In- teling	Logix Meriete Indeks	Groei Indeks	Reprod Indeks	Voorspeen-gewig			Speengewig			Naspeen		Lammers gespeen EBV	TWW		OEL	ILP		Fenotipe OPI Kere Gelang	
										Dir EBV	Mat EBV	Komb EBV	Dir EBV	Mat EBV	Komb EBV	Akk	Indeks		Akk	Indeks		Akk	Indeks		
Aktiewe rasgemiddeld:							100	100	100	0.00	0.17	0.17	0.22	0.20	0.31	-0.05	-0.18	0.31	-0.80	0.74					
369 21 0033 94338431			350 17 0102 301 20 0213	7.54	85	90	88	-0.82 0.37 -0.04 -1.02 0.33 -0.18 -0.13 60 88 44 104 96 58 87 39 102 93 47 100									0.00 -0.69 -0.50 8.06 36 100 46 94 34 99 30 81					0			
343 21 0106 93198257			350 18 0101 343 19 0016	17.74	104	110	108	-0.08 1.01 0.97 0.06 1.15 1.18 -0.42 61 100 47 119 117 64 99 47 121 114 55 98								-1.90 0.07 -3.73 2.35 38 92 51 99 42 108 35 96					97 2				
350 21 0109 91978577			350 18 0221 350 16 0069	9.71	90	84	93	-0.26 -0.12 -0.25 -1.47 -0.17 -0.90 -2.85 62 97 45 92 91 61 82 40 91 82 52 81								-1.60 -2.59 -1.08 -7.18 37 94 47 83 31 101 30 122					1				
343 21 0114 93198331			337 18 0050 343 17 0091	8.90	105	108	98	0.50 0.17 0.42 0.90 0.22 0.67 -0.81 61 109 49 99 105 60 108 44 100 106 56 95								-0.30 0.94 2.06 3.58 36 99 48 104 45 93 36 93					1				
350 21 0117 91978015			284 17 0117 301 17 0254	8.17	103	98	111	-0.26 0.39 0.26 -0.30 0.43 0.28 -2.31 63 97 47 105 102 62 95 41 105 100 48 85								-2.80 -1.55 -6.97 -11.44 39 89 49 89 34 116 32 133					0				
343 21 0133 93198521			350 18 0101 343 19 0058	14.30	97	95	110	-1.08 1.01 0.47 -1.20 0.98 0.38 -1.10 62 83 47 119 106 63 85 47 117 101 56 93								0.80 0.26 -2.04 0.98 37 104 51 100 38 103 33 100					93 1				
343 21 0145 93198646			350 18 0101 343 19 0094	17.06	98	112	100	0.06 1.14 1.17 0.08 1.26 1.30 -0.69 62 102 47 122 121 62 99 45 123 116 56 96								-4.20 -1.19 -0.86 4.10 37 83 50 91 42 100 34 91					89 2				
350 21 0159 92482041			350 18 0221 350 18 0019	8.33	88	90	101	-1.09 0.57 0.03 -1.22 0.52 -0.09 0.23 60 83 43 109 97 61 85 43 107 94 50 103								-2.00 -1.89 -3.00 -3.97 32 92 47 87 28 106 27 113					100 1				
350 21 0165 92481720			350 20 0070 350 20 0171	11.52	104	108	97	0.60 0.08 0.38 1.04 0.15 0.67 -0.64 59 111 41 97 104 58 110 36 98 106 48 97								-2.30 -0.19 -3.43 0.52 33 91 44 97 30 107 28 101					0				
343 21 0213 93199271			350 18 0101 343 20 0063	13.68	98	102	107	-0.93 1.01 0.55 -0.33 1.04 0.88 -0.64 62 86 47 119 108 63 95 47 118 109 50 97								-1.10 0.05 -3.19 2.04 36 96 51 98 36 106 33 97					100 2				
301 21 0223 92641166			301 19 0044 301 19 0005	9.77	99	105	95	0.28 0.43 0.57 0.08 0.49 0.52 -2.13 66 106 52 105 108 65 99 47 106 104 46 86								-3.90 -1.78 -7.58 0.49 47 84 54 88 46 117 37 101					1				
350 21 0241 92485564			350 20 0070 350 20 0186	25.90	79	101	81	-0.68 0.49 0.15 0.40 0.48 0.68 1.89 48 90 39 107 100 50 103 39 106 106 40 115								-6.90 -3.27 -4.33 4.72 34 71 42 79 33 109 31 90					100 1				
380 23 0006 97918239			343 22 0198 343 21 0213	18.16	99	103	104	-0.47 0.60 0.36 0.11 0.67 0.72 0.30 42 93 30 109 104 55 100 29 110 107 37 104								-0.90 0.24 -3.62 2.18 23 97 38 100 26 107 20 96					0				
380 23 0010 97918270			343 22 0198 350 21 0159	9.34	93	95	100	-0.61 0.38 0.08 -0.45 0.41 0.19 0.64 41 91 29 104 98 54 94 27 104 98 37 106								-1.30 -0.82 -3.52 -0.83 22 95 36 93 24 107 18 104					0				

Ooi Kuddegemiddeld	96	100	99	-0.34	0.54	0.37	-0.24	0.57	0.45	-0.62	-2.03	-0.89	-2.98	0.40
Totale ooie in die kudde: 14														



Vaders Gebruik in Kudde

*Inteling in rooi is hoog

EBV - Estimated Breeding Value
Beraamde Teelwaarde

Indekse bo 124
Bokant rasgemiddeld
Indekse onder 76

Akk: Akkuraatheid van die teelwaarde
Teelwaardes met 'n akkuraatheid onder 5% word nie gedruk

Indeks: Druk die teelwaarde uit om 100 waar 100 gestel is as die gemiddelde EBV van die aktiewe diere in die ras

Dier Inligting			Ouers & Nageslag						Seleksie Indekse			EBV - Gewigte								EBV - Vrugbaarheid							
Dier ID Rekenaar nr		% In- teling	Vader ID		1ste generasie		2de generasie		Logix Meriete Indeks	Groeï Indeks	Reprod Indeks	Voorspeen-gewig			Speengewig			Naspeen		Lammers gespeen	TWW	OEL	ILP				
					Nage	Kud	Nage	Kud				Dir	Mat	Komb	Dir	Mat	Komb										
			Moeder ID	Nage slag	Kud des	Nage slag	Kud des	EBV Akk	EBV Indeks	EBV Akk	EBV Indeks	EBV Indeks	EBV Akk	EBV Indeks	EBV Akk	EBV Indeks	EBV Akk	EBV Indeks	EBV Akk	EBV Indeks	EBV Akk	EBV Indeks	EBV Akk	EBV Indeks	EBV Akk	EBV Indeks	
			Aktiewe rasgemiddeld:						100	100	100	0.00	0.17	0.17	0.22	0.20	0.31	-0.05	-0.18	0.31	-0.80	0.74					
1	350 17 0102 80028244	6.13	301 13 0206 350 15 0015	41 2	10 2		83	91	84	-0.66 86 90	0.07 65 97	-0.26 91	-0.47 84 93	0.05 57 96	-0.19 93	0.82 71 107	-2.10 52 92	-1.69 66 88	-4.10 47 108	5.69 44 87							
2	284 17 0117 79577011	7.63	284 14 0036 284 11 0090	54 1	13 1		105	89	109	0.58 87 111	-0.14 67 92	0.16 100	-1.50 86 82	-0.15 57 91	-0.90 82	-3.95 68 73	-3.20 54 87	-3.57 67 77	-10.72 48 125	-20.93 44 136							
3	337 18 0050 81500811	3.81	274 16 0064 301 12 0183	114 1	45 1		95	94	91	-0.41 93 94	-0.18 78 91	-0.38 88	0.30 92 102	-0.27 70 89	-0.12 94	-1.18 86 93	0.50 57 103	0.34 75 100	-0.84 65 100	3.68 55 92							
4	350 18 0101 81493843	21.27	301 14 0021 301 14 0138	84 1	23 1		92	100	110	-1.61 91 75	1.80 71 136	0.99 117	-1.57 90 81	1.84 65 136	1.05 112	-1.41 83 91	-2.10 56 92	-1.00 73 92	-5.69 57 112	3.96 50 92							
5	350 18 0221 82324633	6.88	301 13 0206 350 17 0150	32 1	8 1		72	79	78	-1.37 82 78	-0.12 62 92	-0.81 80	-1.33 81 84	-0.22 55 90	-0.88 82	-0.17 67 100	-2.80 50 89	-3.23 64 79	-2.45 44 104	2.00 41 97							
6	350 19 0034 83628701	11.86	350 17 0013 301 14 0218	174 3	34 2		75	86	60	0.31 95 106	-0.92 77 73	-0.77 80	-0.10 95 97	-1.04 68 71	-1.09 79	-2.60 90 83	-5.10 64 79	-4.20 77 73	1.91 65 93	3.54 56 93							
7	301 19 0044 84452556	12.68	301 13 0033 301 12 0060	345 5	96 4		99	102	96	0.00 97 101	0.52 83 107	0.52 107	-0.27 97 96	0.56 76 108	0.43 102	-4.56 79 68	-4.70 76 80	-2.52 84 83	-13.00 79 131	-1.17 62 105							
8	350 20 0070 89476675	11.32	350 17 0013 301 13 0126	13 2	1 1		81	103	87	-1.11 76 83	0.88 57 116	0.33 103	0.33 75 102	0.90 52 115	1.06 112	0.94 61 108	-6.10 49 75	-2.43 60 84	-1.71 46 102	6.36 43 85							
9	350 22 0156 95997730	6.72	350 17 0013 350 15 0209				81	94	81	-0.44 52 94	0.00 48 95	-0.22 92	-0.02 60 98	-0.06 43 93	-0.07 94	1.13 47 110	-4.40 37 82	-2.72 48 82	0.09 37 98	1.49 33 98							
10	343 22 0198 96226618	9.08	301 20 0054 343 21 0106	10 1			99	102	100	-0.05 55 100	0.18 38 99	0.16 100	0.45 67 104	0.30 34 102	0.53 104	1.17 53 110	-0.70 29 97	0.33 46 100	-4.04 39 108	2.31 24 96							
			Vaders Kuddegemiddeld:						88	94	89	-0.48	0.21	-0.03	-0.42	0.19	-0.02	-0.98	-0.18	-2.07	-4.05	0.69					
			Aantal vaders gebruik in die kudde: 10																								

Ram Seleksielys: LMI

Diere is sorteer op LMI

*Inteling in rooi is hoog

EBV - Estimated Breeding Value
Beraamde teelwaarde

Indekse bo 124
Bokant rasgemiddeld
Indekse onder 76

Akk: Akkuraatheid van die teelwaarde
Teelwaardes met 'n akk onder 5% word nie gedruk nie

Indeks: Druk die teelwaarde uit om 100 waar 100 gestel is as
die gemiddelde EBV van die aktiewe diere in die ras

Dier Inligting				Ouers & Nageslag				Seleksie Indekse			EBV - Gewigte								EBV - Vrugbaarheid								
Dier ID Rekenaar nr				% In- teling	1ste generasie 2de generasie Vader ID Moeder ID Nage Kud Nage Kud slag des slag des				Logix Meriete Indeks	Groei Indeks	Reprod Indeks	Voorspeen-gewig			Speengewig			Naspeen		Lammers gespeen		TWW		OEL		ILP	
												Dir	Mat	Komb	Dir	Mat	Komb										
					Akk	EBV Indeks	Akk	EBV Indeks				EBV Indeks	Akk	EBV Indeks	Akk	EBV Indeks	EBV Indeks	Akk	EBV Indeks								
					Aktiewe rasgemiddeld:				100	100	100	0.00	0.17	0.17	0.22	0.20	0.31	-0.05	-0.18	0.31	-0.80	0.74					
1	380	23	0002	33.97	343 22 0198 343 21 0106				105	111	106	0.20	0.20	0.66	0.75	0.72	1.10	0.80	-1.30	0.69	-3.89	2.33					
	97918197												41 104	30 109	110	55 107	29 111	112	38 107	24 95	38 102	28 108	21 96				
2	380	23	0001	33.97	343 22 0198 343 21 0106				104	109	105	0.13	0.13	0.64	0.62	0.72	1.03	0.69	-1.30	0.56	-3.89	2.33					
	97918189												41 103	30 109	110	55 105	29 111	111	38 106	24 95	38 102	28 108	21 96				
3	380	23	0007	18.31	343 22 0198 343 21 0145				102	111	101	0.25	0.25	0.76	0.73	0.77	1.14	0.63	-2.50	0.00	-2.45	3.20					
	97918247												42 105	30 110	112	54 107	28 112	113	39 106	24 90	37 98	28 104	21 94				
4	380	23	0005	18.16	343 22 0198 343 21 0213				100	104	104	-0.40	-0.40	0.39	0.23	0.67	0.79	0.41	-0.90	0.36	-3.62	2.18					
	97918221												42 94	30 109	104	55 101	29 110	108	37 104	23 97	38 100	26 107	20 96				
5	380	23	0003	18.67	343 22 0198 343 21 0133				97	97	104	-0.68	-0.68	0.27	-0.59	0.64	0.35	-0.15	0.10	0.11	-3.04	1.65					
	97918205												42 90	30 110	102	55 92	29 109	101	39 100	24 101	38 99	27 106	20 98				
6	380	23	0009	9.34	343 22 0198 350 21 0159				91	93	99	-0.74	-0.74	0.03	-0.69	0.42	0.07	0.44	-1.30	-1.05	-3.52	-0.83					
	97918262												41 89	29 105	97	54 91	27 104	97	37 105	22 95	36 92	24 107	18 104				
7	380	23	0004	18.67	343 22 0198 343 21 0133				91	91	101	-1.06	-1.06	0.13	-1.30	0.65	0.00	-0.75	0.10	-0.59	-3.04	1.65					
	97918213												42 84	30 111	99	55 84	29 110	96	39 96	24 101	38 95	27 106	20 98				
8	350	21	0010	6.90	350 19 0034 350 19 0174				89	87	91	-0.36	-0.36	-0.35	-0.81	-0.26	-0.67	-2.31	-2.70	-2.69	-3.24	-6.44					
	91754572												69 95	47 91	89	68 90	40 89	85	56 85	38 89	50 82	37 106	31 120				
9	380	23	0008	11.20	343 22 0198 350 21 0241				89	102	90	-0.38	-0.38	0.15	0.40	0.39	0.59	1.51	-3.80	-1.50	-4.18	3.52					
	97918254												37 95	27 103	99	51 103	26 104	105	33 112	23 84	35 89	25 109	19 93				
10	380	22	0003	8.23	350 22 0156 350 21 0109				86	89	87	-0.35	-0.35	-0.24	-0.74	-0.11	-0.49	-0.86	-3.00	-2.66	-0.49	-2.85					
	98029671												41 95	33 94	91	43 90	29 92	88	35 95	26 88	34 82	24 99	22 110				

Ooi Seleksielys: LMI

Diere is sorteer op LMI

*Inteling in rooi is hoog

EBV - Estimated Breeding Value
Beraamde teelwaarde

Indekse bo 124
Bokant rasgemiddeld
Indekse onder 76

Akk: Akkuraatheid van die teelwaarde
Teelwaardes met 'n akk onder 5% word nie gedruk nie

Indeks: Druk die teelwaarde uit om 100 waar 100 gestel is as die gemiddelde EBV van die aktiewe diere in die ras

Dier Inligting				Ouers		Seleksie Indekse			EBV - Gewigte										EBV - Vrugbaarheid							
Dier ID Rekenaarnommer		% In- teling	Vader ID Moeder ID		Logix Meriete Indeks	Groei Indeks	Reprod Indeks	Voorspeen-gewig			Speengewig				Naspeen		Lammers gespeen		TWW		OEL		ILP		Fenotipe	
								Dir Akk EBV Indeks	Mat Akk EBV Indeks	Komb EBV Indeks	Dir Akk EBV Indeks	Mat Akk EBV Indeks	Komb EBV Indeks	Akk EBV Indeks		Akk EBV Indeks	Akk EBV Indeks	Akk EBV Indeks	Akk EBV Indeks	Akk EBV Indeks	Akk EBV Indeks	Akk EBV Indeks	OPI	Kere Gelam		
Aktiewe rasgemiddeld:							100	100	100	0.00	0.17	0.17	0.22	0.20	0.31	-0.05	-0.18	0.31	-0.80	0.74						
1	343 21 0114 93198331	8.9	337 18 0050 343 17 0091	105	108	98	0.50 61 109	0.17 49 99	0.42 105	0.90 60 108	0.22 44 100	0.67 106	-0.81 56 95	-0.30 36 99	0.94 48 104	2.06 45 93	3.58 36 93							1		
2	350 21 0165 92481720	11.5	350 20 0070 350 20 0171	104	108	97	0.60 59 111	0.08 41 97	0.38 104	1.04 58 110	0.15 36 98	0.67 106	-0.64 48 97	-2.30 33 91	-0.19 44 97	-3.43 30 107	0.52 28 101							0		
3	343 21 0106 93198257	17.7	350 18 0101 343 19 0016	104	110	108	-0.08 61 100	1.01 47 119	0.97 117	0.06 64 99	1.15 47 121	1.18 114	-0.42 55 98	-1.90 38 92	0.07 51 99	-3.73 42 108	2.35 35 96	97	2							
4	350 21 0117 91978015	8.2	284 17 0117 301 17 0254	103	98	111	-0.26 63 97	0.39 47 105	0.26 102	-0.30 62 95	0.43 41 105	0.28 100	-2.31 48 85	-2.80 39 89	-1.55 49 89	-6.97 34 116	-11.44 32 133							0		
5	380 23 0006 97918239	18.2	343 22 0198 343 21 0213	99	103	104	-0.47 42 93	0.60 30 109	0.36 104	0.11 55 100	0.67 29 110	0.72 107	0.30 37 104	-0.90 23 97	0.24 38 100	-3.62 26 107	2.18 20 96							0		
6	301 21 0223 92641166	9.8	301 19 0044 301 19 0005	99	105	95	0.28 66 106	0.43 52 105	0.57 108	0.08 65 99	0.49 47 106	0.52 104	-2.13 46 86	-3.90 47 84	-1.78 54 88	-7.58 46 117	0.49 37 101							1		
7	343 21 0145 93198646	17.1	350 18 0101 343 19 0094	98	112	100	0.06 62 102	1.14 47 122	1.17 121	0.08 62 99	1.26 45 123	1.30 116	-0.69 56 96	-4.20 37 83	-1.19 50 91	-0.86 42 100	4.10 34 91	89	2							
8	343 21 0213 93199271	13.7	350 18 0101 343 20 0063	98	102	107	-0.93 62 86	1.01 47 119	0.55 108	-0.33 63 95	1.04 47 118	0.88 109	-0.64 50 97	-1.10 36 96	0.05 51 98	-3.19 36 106	2.04 33 97	100	2							
9	343 21 0133 93198521	14.3	350 18 0101 343 19 0058	97	95	110	-1.08 62 83	1.01 47 119	0.47 106	-1.20 63 85	0.98 47 117	0.38 101	-1.10 56 93	0.80 37 104	0.26 51 100	-2.04 38 103	0.98 33 100	93	1							
10	380 23 0010 97918270	9.3	343 22 0198 350 21 0159	93	95	100	-0.61 41 91	0.38 29 104	0.08 98	-0.45 54 94	0.41 27 104	0.19 98	0.64 37 106	-1.30 22 95	-0.82 36 93	-3.52 24 107	-0.83 18 104							0		
11	350 21 0109 91978577	9.7	350 18 0221 350 16 0069	90	84	93	-0.26 62 97	-0.12 45 92	-0.25 91	-1.47 61 82	-0.17 40 91	-0.90 82	-2.85 52 81	-1.60 37 94	-2.59 47 83	-1.08 31 101	-7.18 30 122							1		
12	350 21 0159 92482041	8.3	350 18 0221 350 18 0019	88	90	101	-1.09 60 83	0.57 43 109	0.03 97	-1.22 61 85	0.52 43 107	-0.09 94	0.23 50 103	-2.00 32 92	-1.89 47 87	-3.00 28 106	-3.97 27 113	100	1							
13	369 21 0033 94338431	7.5	350 17 0102 301 20 0213	85	90	88	-0.82 60 88	0.37 44 104	-0.04 96	-1.02 58 87	0.33 39 102	-0.18 93	-0.13 47 100	0.00 36 100	-0.69 46 94	-0.50 34 99	8.06 30 81							0		
14	350 21 0241 92485564	25.9	350 20 0070 350 20 0186	79	101	81	-0.68 48 90	0.49 39 107	0.15 100	0.40 50 103	0.48 39 106	0.68 106	1.89 40 115	-6.90 34 71	-3.27 42 79	-4.33 33 109	4.72 31 90	100	1							